DEEL 116 | WEEK 23 | 7 JUNIE 2024 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# BKB BEVESTIG VERTROUE IN LANDBOU



*Jan Mostert, bestuurder spesiale veilings Noordstreek het al die gaste en hooggeplaasdes verwelkom. Saam op die foto is JD Steyn(links) area bestuurder Frankfort kantoor.*



*Die dag is afgesluit met 'n heerlike skaapbraai vir lede en kliënte in die groot tent wat opgeslaan is vir die opening van die nuwe handelstak en streekskantoor.*

“Prys van skaap het reeds in Australië begin styg en is daar hoop dat Suid Afrika se vleispryse dieselfde tendens gaan volg,” het Johan Stumpf, uitvoerende hoof van BKB gesê tydens die opening van die nuwe hoofkantoor vir die Noordstreek in Frankfort. Na 33 jaar in die dorp het BKB 'n moderne gebou opgerig, wat 'n groot aanwins vir die gemeenskap en boere is. BKB Lewendehawe, Wol, Handel en Eiendomme is nou alles in een gebou—‘n ware "one-stop-shop" soos JD Steyn, bestuurder van BKB Lewendehawe, dit beskryf.

Die handelstak, nou in 'n nuwe gebou, voorsien alles wat 'n boer benodig, van pype en gereedskap tot veevoer en klere. Ruan McDonald, bestuurder, nooi kliënte om behoeftes te bespreek vir ekonomiese oplossings. Die nuwe perseel akkommodeer alle lewendehawe aangeleenthede met vendusies by die moderne Frankfort Auction Centre, die grootste binnenshuise vendusiekrale in die suidelike halfrond.

Home & Hectare bedien die mark vir koop en verkoop van eiendom. Andries Radley en Zenio Heenop is die agente in Frankfort. BKB is een van SA se grootste wolkopers en -verkopers, met Danie de Wet as die wol-man.

Toekomstige uitbreidings sluit in 'n groot stoor en 'n volledige vulstasie, wat die lewering en oplaai van voer vir boere en die gemeenskap se voordeel sal wees.

suremarx
makelaars

Plant tyd kom nader...

Laat Sarel Botha jou gerus help met Inset-Finansiering

- Landbou Inset-Finansiering
- Self Versekering
- Korttermynversekering

sel: 082 309 6599
tel: 016 971 1885
e-pos: sarel@suremarx.insure





Skakel gerus ons Heilbron tak Merika Erasmus vir die volgende versekering:

- Agri en Oes
- Kommersieël
- Goedere in Transito
- Lugvaart
- Persoonlik (Kar, Huis en inhoud)

sel: 063 419 6851
tel: 058 852 3378
e-pos: admin6@suremarx.insure

FSP: 4086

HIGH FERT KUNSMIS
Johnny Claassen 082 779 3417
JCB
Eben Claassen 072 581 7627
NOVON PROTECTA
Vir al jou chemie en kunsmis behoeftes!

# UIT DIE PEN:



## Week 23

Toe my ouers 60 jaar getroud was, het my oudste boet, Johan, begin om ’n boek saam te stel oor al ons stories as kinders. En sommer so bietjie van ons familie se geskiedenis ook nagelees. Ons het almal stories bygedra en daarvan die aand voorgelees. Ons het ons byna pap gelag. Dat my twee broers nog asemhaal en (relatief) normaal voorkom, is ’n wonderwerk.

Onthou: ek is die tropsluitertjie. Ek is 14 jaar nà Johan gebore. 12 jaar daarna het Jan gekom en ses jaar daarna was rooikopsussie daar. Daar was dus ’n redelike lang tydperk vòòr my waarvan ek natuurlik nie bewus was nie.

Een van die stories in ons Swanepoelboek is toe my gryse ou pa sy been gebreek het. Ek dink nogal deesdae baie daaraan wanneer ek so sukkel om met my krukke oor klein afstande te moet loop. Met apologie aan Johan. Die storie het so verloop:

Gryse ou pa was maar altyd lief vir perde. Hy het twee perde, ’n hings en ’n merrie gehad: Prins en Whiskey. Hulle het in die kampie langs die huis op Eensaamheid se plaas geloop. Hulle het so af en toe draad toe gekom om gevryf te word en soms ’n suikerklontjie te kry. Ek was altyd bang dat Whiskey se groot tande my hand raakbyt.

Sodra dit begin reën, het die twee perde altyd met mekaar begin speel en hulle voorpote in die lug opgetel. Op ’n regte Vrystaatse donderstormdag staan Johan by die kombuisvenster net toe dit begin reën. Die twee perde het weer begin speel en op ’n stadium het beide van hulle op hulle agterpote gestaan en aan mekaar met hulle voorpote geraak.

Die oomblik toe hulle van mekaar weggaan, het die weerlig geslaan – tussen hulle deur op die grond dat die stof so staan. Was hulle nog met hulle voorpote teen mekaar, sou beide sekerlik deur die weerlig as dood agtergelaat wees.

Gryse ou pa het dan ook vir Prins begin tem deur hom in ’n klein kampie langs die huis op Eensaamheid aan te hou om gereeld met hom te kan werk. Ek dink ek was in my lewe twee keer op die rug van ’n perd en altwee kere was dit nie die aangenaamste ondervinding nie. Jan se seun het die perdewerkgene geërf: hy breek perde in en kyk na hulle hoewe. Trouens volgens hom breek jy nie ’n perd in nie, “you ease them in.”

Een naweek het boetie Jan en sy universiteitsvriend by ons op die plaas kom kuier. Die Saterdagmiddag besluit my gryse ou pa dit is tyd om die hings ’n slag uit die kampie te haal. Met die nodige leirieme het hulle hom vir ’n stappie geneem. Met Pa aan die een kant en Jan en sy vriend aan die ander kant, stap hulle rustig met hom deur die omgeploegde land.

Ewe skielik raak die hings heel astrant en steier sommer in die lug op net om sy balans te verloor en met ’n groot slag op die grond te lande te kom. Toe die stofwolk gaan lê en die perd reeds opgespring en weggehardloop het, bly my gryse ou pa op die grond lê met duidelike trekke van pyn. Al wat hy kon sê is dat sy been af is.

Soos ’n wafferse atleet laat waai Jan reguit huistoe en seil soos ’n geoefende hekkiesatleet sommer bo-oor die heining. Al skreeuende vir gryse ma dat my gryse ou pa sy been gebreek het, spring Jan in die kar en jaag terug land toe. Daar aangekom is Ma reeds daar. Gryse ou pa se twee bene word aanmekaar vasgebind en met moeite laai hulle hom op die agterste sitplek van die Peugeot en jaag vir die dorp. Elke hobbel en knik in die grondpad voel soos ’n berg en ’n slaggat. Ek kan nie eers dink hoeveel pyn hy moes gehad het nie. By die hospitaal word hy per rolstoel ingery en op ’n trolliebed gelaai vir X-strale.

Hy kry ellelange gips: van sy lies tot by sy kleintoontjie. Ma sny al sy broeke aan die kant oop, en sy slaapbroeke kry so ewe strikkies waarmee hy dit aan die kant vasmaak. Hy kry ook twee krukke. Later word dit ’n speletjie: hoeveel treë kan hy gee vanaf hulle slaapkamer in Eensaamheid se huis tot in die voorportaal?

Na ’n paar maande besluit dokter Justus dat die gips maar knielengte kan wees. Hy saag gryse ou pa se gips af en sit die kortes aan. O, wee, daar kom hy nie in die bakkie nie. Die volgende dag is hy terug na Dr Justus sodat die dokter weer die langes kon aansit.

Hy weet dat die vorige lang gips net-net te lank was om in die bakkie te kom. Skelm buig hy sy been effe en Dr Justus sit die gips aan. Net om aan die einde agter te kom dat sy been gebuig is. Nee, wat, sê my gryse ou pa, hierdie gaan werk soos ’n bom.

Gryse ou pa loop nog met die krukke. Abraham of Ishmael ry saam met hom in die bakkie. By die lande stop hulle, hy kry sy krukke en dan kan hy tot by die nuwe mielieplante loop. Dan sukkel hy weer terug tot in die bakkie met die krukke. Op ’n dag maak die werkers hom baie kwaad. Hy raas met hulle, draai raas-raas om en gaan klim in die bakkie. Die drywer nader hom versigtig: “Meneer, die kieries, hulle lê nog by die lande.”

Hoe verlang ek nou na my gryse ou pa.



# Afri-Forum maak terrein skoon

*Die AfriForum-tak in Heilbron maak die oop terrein langs die munisipaliteit skoon en verwyder 15 halfton sakke vol vullis en gras.*


# Wees paraat



Donderdag het 'n dame haar voertuig parkeer en oor die straat na PostNet gestap. 'n Onbekende man het na die dame se motor gestap, die passasierskant se deur oopgemaak en 'n item geneem. Adriaan Smit van Gig het die voorval waargeneem en dadelik die man aangekeer. Nadat Adriaan hom gevra het wat hy geneem het, het die man dadelik aan Adriaan erken dat hy haar selfoon geneem het en dit aan Adriaan oorhandig. Die selfoon is aan die dame terugbesorg. Dit wil voorkom asof die dame nie haar voertuig gesluit het nie. Heilbronners moet paraat wees en bewus wees van hulle omgewing. Maak seker dat jou voertuig gesluit is.

# Kinderbeskermingsweek

Engo Gesinsorg kantoor: E-pos na info@engo.co.za



# Suksesvolle jaarlikse beesdag aangebied



Op die foto vl: Gerrit Viljoen, Leon Kruger, Jannie Bornman, Jacques Herbst, Ben Slabbert, Johan Botha en Reghardt Pienaar.


Die Gottenburg Boerevereniging het onlangs weer hul jaarlikse Beesdag aangebied, 'n hoogtepunt op die kalender vir beesboere van regoor die Riemland. Hierdie inligtingryke dag spog met gassprekers soos Gerrit van Zyl, Norman Rothman van RLTS wat waardevolle insigte en advies gedeel het. Thinus van Havenga van Farm Space, het ook die dag bygewoon en als opgeneem

Gerrit Viljoen, die voorsitter van die boerevereniging, het verduidelik dat die doel van die dag is om sprekers te kry wat nie net boere sal interesseer nie, maar ook nuttige inligting sal verskaf om hul kuddes en boerderye te help groei. Hy het ook benadruk hoe belangrik dit is om voortdurend op hoogte te bly van die nuutste tegnieke en inligting in die bedryf.

Die dag was 'n groot sukses met talle stalletjies van besighede soos VKB, Afrivee, en vele meer. Boere het die geleentheid gehad om produkte en dienste te verken wat hul boerderybedrywighede kan verbeter. Na die praatjies is die manne bederf met 'n heerlike steak-ete, wat die dag op 'n hoë noot afgesluit het.

Gerrit Viljoen nooi almal uit om volgende jaar weer die Beesdag by te woon, waar nuwe sprekers hulle sal toespreek en nog waardevolle inligting gedeel sal word. Hy het ook boere wat die dag gemis het aangemoedig om Farm Space se Facebook blad dop te hou om te sien waaroor die dag gegaan het en om op hoogte te bly van toekomstige gebeure.

Die Gottenburg Boerevereniging se Beesdag bly 'n onvergeetlike geleentheid wat beesboere nie sal wil misloop nie.




# DA condemns unfunded Ngwathe budget forced through by ANC

**• *Carina Serfontein - DA Councillor Ngwathe Local Municipality***

The Democratic Alliance (DA) has voted against Ngwathe Local Municipality's draft budget for the new financial year starting 01 July 2024, during a "special urgent" meeting in Parys. Despite the DA's objections, the R1 billion budget was approved in less than an hour.

We consider this yet another example of continued poor financial management in a municipality that has been sliding into an ever-worsening financial crisis over the past decade. The approved budget projects operating expenditures at R1.098 billion but expects operating revenues of only R1.044 billion. This leaves an enormous operating deficit of R54 million, in clear breach of budget legislation. We have regularly warned against such unfunded budgets.

Deficit budgeting creates operating cash shortfalls, which lead to late payments to creditors and hamper spending on preventive maintenance, repairs, and asset replacement or enhancement. A major problem is that Ngwathe now collects only 30-40% of its billed invoices, whereas in many DA-controlled municipalities, the collection rate is 90-95%. Yet there seems to be no clear and credible plan to fix this unsustainable shortfall.

Over several recent years, DA councillors have repeatedly asked for a two-pronged Recovery Plan. One avenue is to make its unused assets—farmland, certain rental properties, holiday resorts, and commercial buildings—work harder. Another is to stop water and power theft and collect arrears accounts with vigour. It must also reduce frivolous or wasteful expenses without lowering the quality of its services.

Despite apparent support, ANC leadership has not yet implemented an effective plan. Until then, the unfunded budgets will continue to arise, year after year.

Ngwathe needs a detailed recovery plan, and it must be implemented as soon as possible.




# The Old Goat and the Fox Bar open sy deure




Na die lang wag maak The Old Goat and the Fox Bar vanaand uiteindelik hulle deure vir die publiek oop. Die opening beloof om 'n heerlike aand te wees, met spesiale promosies van Fitch & Leedes asook Chateau Del Rei wyn. Die kuierplek is ingerig om 'n gesellige atmosfeer te skep waar mense lekker kan kuier en tuis kan voel. Hans Burmeister en Johan van Vuuren, eienaars, verseker dat die kuierplek net die beste diens aan hulle kliënte sal bied. Met 'n gratis skaap spitbraai rolletjie vir elke kliënt is die openingsaand 'n aand wat nie gemis moet word nie!



# ANC verswak, opposisie groei

In Heilbron was daar min drama op stemdag verlede Woensdag. Sake het vlot verloop, en deelnemers was oor die algemeen tevrede. Die uitslae hier was breedweg soos dwarsoor die Vrystaat waar die ANC amper een vyfde van sy provinsiale stemsteun verloor het, die DA sy eie steun taamlik verstewig het, en die nuwer partye byna sonder uitsondering uitgesak het.

"Ek is trots Heilbron-kiesers het die Veelpartyhandves se partye goed ondersteun," sê DA-raadslid Robert Ferendale aan Herald. "Ons DA-kiesers veral was entoesiasties en het in groot getalle kom stem." Hy sê dit was anders vir die ANC wat duidelik daaronder gely het dat talle van sy kiesers "te tam of ontnugter was om te kom stem en sommer net tuisgebly het." Hy skryf Heilbron se DA-steun deels daaraan toe dat kiesers oplet dat hy en sy medewerkers gereeld aksies loods om bv strate en parke skoon te maak, en Heilbron se waternood aan te spreek.

"Dis natuurlik dinge wat die Ngwathe-munisipaliteit behoort te doen, maar hulle doen dit nie," sê hy. "Inwoners hou daarvan dat ons vir hulle veg."

Mnr Phillip van der Merwe, Heilbronse prokureur en leier van die VF Plus-koukus in Ngwathe se stadsraad, herinner inwoners daaraan dat die afgelope verkiesing niks op munisipale vlak verander het nie. "Hierdie was 'n algemene verkiesing. Dit was om nuwe lede vir slegs die Parlement en die provinsiale wetgewers te verkies; munisipale rade bly onveranderd." Hy voeg by die nuwe lede gaan reeds aanstaande week SA se nuwe landsregering en nege nuwe provinsiale regerings aanwys.

Met die besige verkiesing agter die rug wil DA-raadslid Joseph Mbele hom nou weer toespits op plaaslike probleme. "Die verkiesing is verbykom ons takel nou Heilbron se waterprobleem, want die ANC swyg daaroor." Hy kla almal in die ANC-beheerde munisipaliteit swyg daaroor: van die burgemeester tot die verantwoordelike direkteurs. Hy glo inwoners en diensgroepe sal help wanneer hy en sy kollegas nou poog om Heilbron 'n skoner en meer welvarende dorp te maak. Hy dink meer mense besef elke dag "ons moet ons self in ons dorp help," want die ANC-beheerde munisipaliteit probeer nie eens doen wat die wet hom verplig om te doen nie.

"Die Vryheidsfront Plus hou intussen vol om die waterkwessie op die hoogste vlak met die minister te probeer beredder. Hopelik sal die nuwe kabinet 'n nuwe minister van water en sanitasie oplewer en mag die spreekwoord "'n nuwe besem vee skoon" dalk aanwending vind. "Ons sal beslis die druk op die minister, wie dit ookal mag wees, volhou om in te gryp om die waterkwessie aan te spreek," bevestig raadslid Phillip van der Merwe.

# Koalisiegesprekke:

## *Landbou is sleutel tot ekonomiese herstel*

• ***Vrystaat Landbou***

Die afgelope nasionale verkiesing het vir heelwat verrassings asook teleurstellings gesorg. Die uitkoms gee ’n duidelike stem aan Suid-Afrikaners se behoeftes.

Verskeie gesprekke is aan die gang wat moontlike koalisies betref. Daar is dus onsekerheid maar ook hoop, en politici het ’n geleentheid om die belange van Suid-Afrikaners deur hierdie proses te eer. In die lig van hierdie gesprekke word daar ’n beroep op politici gedoen om die uitdagende realiteite van Suid-Afrika deeglik te besef en ideologie op die agterkant te skuif.

Die landbousektor het ’n wesenlike rol te speel om Suid-Afrika op die wen-pad te plaas. Deur toe te sien dat ’n gunstige omgewing vir ekonomiese groei geskep word, kan die landbousektor die ekonomie van hulp wees. In hierdie opsig en met die oog op gesprekke wil Vrystaat Landbou (VL) ’n beroep op politici doen om veral te fokus op die volgende:

1. Stel voedselsekuriteit voorop sodat die landbousektor kos op die tafel kan plaas.
2. Daar word gehoop dat ’n regeringskoalisie saamgestel word wat die ekonomiese uitdagings die hoof te bied.
3. Dit is in landbou se belang dat ’n breë verteenwoordigende regering in staat sal wees om sosiale stabiliteit te verseker.
4. Die landbousektor sal spesifiek wou sien dat ’n koalisie sekerheid skep oor eiendomsreg, uitdagings ten opsigte van landelike veiligheid en ’n dringende fokus sal hê om openbare infrastruktuur te herstel en te onderhou.

“Hierdie veranderings is nie die finale oplossing vir die land se probleme nie, maar is potensieel ’n stap in die regte rigting.” meen Francois Wilken, president van VL. “Landbou is die sektor wat baie vinnig ’n reuse bydrae kan lewer tot die verligting van werkloosheid in die platteland, en is in hierdie opsig uniek. Indien die beleid- en regerings omstandighede dit vir die landbousektor moontlik maak, sal veral arm en werklose mense betreklik spoedig die positiewe impak van die verandering voel.”






Skole Nuus

# Hoërskool Heilbron spanne sien sukses in Valke Kwartfinaal



Op Saterdag, 1 Junie 2024, het Hoërskool Heilbron se 1ste span en 0/15-span 'n indrukwekkende vertoning gelewer in die Valke Kwartfinaal by VUT. Die 0/15-span het 'n spannende wedstryd gespeel teen Rhodesfield en uiteindelik met 'n telling van 24-17 geseëvier. Die 1ste span het ook 'n opwindende oorwinning behaal deur Elspark Hoërskool met 25-20 te klop.

Beide spanne het nou hul plekke verseker in die Valke Semifinaal wat op Saterdag, 8 Junie 2024, weer by VUT sal plaasvind. Die wedstrydbepalings vir die semifinaal is as volg:

- 0/15: 08:30 Heilbron vs Riverside.
- 1stes: 12:10 Heilbron vs Rhodesfield.



# Hoërskool Reitz spog met Top Redenaars

Hoërskool Reitz het rede om trots te wees op hul leerders wat onder die Top 10 geëindig het in hul onderskeie kategorieë. Hierdie uitsonderlike prestasie beklemtoon die talent en toewyding van die leerders en hul afrigters.

'n Spesiale gelukwensing gaan aan Thato Lekota en Kaniz Fabia wat daarin geslaag het om deur te dring na die nasionale finale rondte. Hierdie gesogte gebeurtenis sal op 12 en 13 Augustus by ATKV-Klein Kariba aangebied word.










# Brrr... Winter is hier!



*Die winter is uiteindelik hier. Met temperature hierdie week so laag as -2 kan Heilbronners gerus hul winterjasse en warm komberse nader trek.*

TELWIEDRE VOERE

Bothastraat 6 • Heilbron • 9650
058 852 2742 • www.telwiedre.co.za
Mpy Reg Nr. 1997/012140/07
BTW Nr. 4890171970

## EXTERNAL ADVERTISEMENT

### VACANCY

### Laboratory Assistant

We are currently seeking a highly-skilled, reliable, self-motivated Laboratory Assistant to join our growing team. In this role, you will be responsible for performing laboratory tests, preparing samples, and producing accurate and reliable data. To succeed in this position, you will be an independent, competent, and thorough professional who takes great pride in their work and is committed to safety.

**REQUIREMENTS AND QUALIFICATIONS**

1. Minimum qualifications: Grade 12
2. Computer literacy
3. Able to work independently with little supervision
4. Willing to work shifts and overtime
5. Ability and willingness to follow all legal and company safety regulations
6. Committed to the importance of quality and detail
7. Ability to work under pressure

**DUTIES AND RESPONSIBILITIES**

1. Preparation and testing of all samples.
2. Daily calibration tests on equipment. To conduct pre-operational checks on equipment before each start up.
3. Record keeping and storage of samples.
4. The safe handling of equipment as per laid down procedures.
5. To be capable of operating the equipment as explained in the laboratory processes.
6. Producing high quality performance to ensure reliable data.
7. To be a team worker, i.e. to participate, as a team member, in contributions towards the success of the organisation.
8. Ensure proper housekeep in laboratory

CLOSING DATE: - Wednesday, 12 June 2024 at 10H00

THOSE INTERESTED: -
Email your written resume/application to: admin@telwiedre.co.za, ASAP!

PRYS • DIENS • KWALITEIT

# Ulectric ontvang toekenning




*Op die foto vl: Zander Smith (Sales Executive Herholdt's Centurion-Tak), MC Briers, Jannie Swanepoel en Schalk Conradie (Branch Manager Centurion-Tak).*

MC Briers en Jannie Swanepoel van Ulectric Quality and Service het onlangs die nuwe titels van Heilbron se Solar Konings ontvang. Hierdie toekenning kom na aanleiding van hul uitsonderlike diens in die installering en verskaffing van sonkrag aan die gemeenskap van Heilbron. Herholdt's Group Centurion-tak het Ulectric aangewys as die beste "nuwe" sonkrag installeerders vir 2023/2024, wat 'n groot eer is in die sektor vir hernubare energie. Herholdt's Group, met sy hoofkantoor in Kaapstad en takke in Kimberley, Randburg, Gqeberha, George, Bloemfontein, Centurion, Durban, Montaque Gardens en Mbombela, is bekend vir hul onvergelykbare waarde en diens in die verskaffing van volhoubare energie-oplossings. Hulle is groot verspreiders van toonaangewende handelsmerke in die hernubare en elektriese sektore en kan hul produkte regoor Suid-Afrika en die aangrensende lande versprei. Ulectric is 'n verspreider van vooraanstaande handelsmerke in die hernubare en elektriese sektore. Vir die toekenning is elke verskaffer en aankoper in ag geneem vir die stelsels wat aangekoop is, en die aantal foutiewe stelsels. Ulectric het uitgestaan deurdat nie een van hulle stelsels foutief was nie, sonder 'n enkele klagte van 'n ontevrede kliënt nie. MC en Jannie doen uitstekende werk en die inwoners van Heilbron kan nie uitgepraat raak oor hul puik diens nie. Daarom nog 'n rede vir die toekenning. Met 104 installasies en 57 "Sunsynk" stelsels aangekoop, is dit verseker 'n toekenning wat die twee manne verdien. Hierdie prestasie maak hulle die voorste installeerders vir die jaar, met die meeste nuwe aankope en die beste kliëntediens. MC en Jannie doen gereeld installasies vir boere en het ook reeds verskeie besighede se sonkrag geïnstalleer. MC verduidelik dat die toekenning nie net hulle sin is nie, maar ook elke kliënt wat hulle vertrou om hulle sonkrag te installeer. "Die boere en gemeenskap van Heilbron is die enigste rede dat ons die toekenning gewen het, sonder hulle sou ons dit nie kon doen nie" vertel MC. Die toewyding en harde werk van MC Briers en Jannie Swanepoel het hulle nie net die titels van Heilbron se Solar Konings besorg nie, maar ook die vertroue en respek van die gemeenskap. Ulectric Quality and Service bly 'n baken van uitnemendheid in die sonkragbedryf, en MC en Jannie se toewyding verseker dat hulle voortgaan om volhoubare energie-oplossings aan almal te bied.

# HERALD Sport




## Bokkedag is om die draai

Heilbron Gholfklub se jaarlikse bokkedag word vanjaar op 6 Julie aangebied wat ook saamval met die toets tussen die Springbokke en Ierland. Daar word groot dinge beplan vir die dag en inskrywings is reeds oop. Die komitee sal seker maak dat die wedstryd op die kassie gesien kan word.

Verlede Saterdag was die Bronnies Kleuterskool gholfdag in koue en winderige toestande aangebied. Die pa en seun kombinasie van Simon en Thulani Malgas het met die eerste prys weggestap. Jackie Leonard en Eben Stander was tweede met konstante gholf. Daar was baie pryse op die spel.

Die Joker Draw is nog nie gewen nie. Die bedrag vir die gelukkige wenner is reeds oor die agt duisend rand. Die trekking is elke Vrydag aand om 19:00 en is daar ook kerrie en rys te koop.




*Wenners van die Bronnies Gholfdag vl: Jackie Leonard, Eben Stander, Thulani en Simon Malgas.*

## Kransfontein Resiesduifklub

Die 2024 wedvlugseisoen het amptelik begin en Kransfontein Resiesduifklub het vanaf Bloemfontein gevlieg op 1 Junie 2024.

Die duiwe is om 07:30 gelos en hulle het oor 'n afstand van 261 kilometer terug na Reitz gevlieg. Agt lede en 245 duiwe het deelgeneem.

Die wenduif is om 10:52 geklok.
1. Du Plessis Hokke
2. Du Plessis Hokke
3. Reitz Lofts 2
4. Heine Hokke
5. Reitz Lofts 2
6. Du Plessis Hokke
7. Du Plessis Hokke
8. Du Plessis Hokke
9. Du Plessis Hokke
10. Wolmarans Hokke B



*Op die foto is Flippie du Plessis van Du Plessis Hokke met die wenduif.*

WINKELURE
**MAANDAE - DONDERDAE:** 07:30 - 17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE:** 08:30 - 13:00
Elsstraat 44 , Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:heraldwinkel@heilbron.co.za













BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 10 JUNIE 2024**
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 11 JUNIE 2024**
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312
VREDE Maandeliks veiling
Kontak Jandre Moll 082 307 9169

**WOENSDAG - 12 JUNIE 2024**
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
REITZ Twee Weeklikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539
WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835
BULTFONTEIN: JAPIE LE ROUX STAAK BOERDERY VEILING
11:00, plaas Alpha
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443
VREDE: WICAR BOERDERY BOVELDER PRODUKSIEVEILING
11:00, plaas Swartfontein
Kontak Willem Cilliers 083 524 0506

**DONDERDAG - 13 JUNIE 2024**
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

**VRYDAG - 14 JUNIE 2024**
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071